

16 Januarie 2022

FAMILIE TUISBLAD



Jesaja 62:1-5

Dis 2022 en 'n nuwe skooljaar en graad begin vir kinders en tieners met 'n nuwe klas en nuwe onderwysers. Dalk gaan jy koshuis toe, het julle verhuis of gaan jy na 'n nuwe skool. Dalk moes jy nuwe skoolklere en boeke koop of 'n nuwe tas. En dalk het die volwassenes ook 'n paar nuwe dinge aangepak? Maak 'n lys van al die veranderings wat julle deurgemaak het of gaan deurmaak hierdie jaar wat kom en tel hulle...

Die profeet Jesaja vertel vir die volk Israel, wat in 'n moeilike tyd verkeer, dat 'n nuwe hoofstuk vir hulle aanbreek – hy vertel van 'n nuwe naam, nuwe klere, nuwe status en nuwe beskerming.

Lees: Jesaja 62:1-5

Gesels:

- Hoe voel jy oor die jaar wat voorlê en die nuwe skooljaar?
- Hoekom dink jy kry die volk hierdie nuwe dinge – wat beteken dit?
- Wat verander vir hulle?
- Watter beloftes gee die Here vir hulle?
- Lees weer die gedeelte, maar asof die Here nou met julle praat. Wat beteken dit vir jou dat God op dieselfde manier na jou kyk en hierdie nuwe dinge gee vir die nuwe jaar?

Bid: Bid vir mekaar se jaar deur iets simbolies van al die nuwe dinge voor julle te sit om julle te help onthou waarvoor om te bid, bv. jou tas (skool), werkskoene (werk), ens. Raadpleeg die lysie wat julle aan die begin gemaak het.

Doen: Maak vir mekaar kaartjies wat julle hierdie week in mekaar se kosblikke kan sit met boodskappe uit die teks soos "die Here het jou gekies" of "die Here het jou lief". Kinders sou ook prentjies kon teken.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **die beloftes in Jesaja 62 vir die nuwe jaar** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za